Geliefde Lourensrivierder

Volgende Donderdag is Hemelvaart en ek deel graag hierdie met jou:

LIESEL KRAUSE-WIID LEER HAAR KINDERS 'N BAIE BELANGRIKE LES OOR HEMELVAART, WAT OOK VIR ELKEEN VAN ONS 'N LES KAN WEES.....

"Ons sien baie keer in films oor Jesus se lewe dat die film gewoonlik begin met die geboorte van die kindjie Jesus in Betlehem en dan heel plegtig eindig met Jesus se hemelvaart en die son wat op die horison skyn.

Dit kan ons verkeerdelik laat glo dat Jesus nie nou by ons is nie!
Wanneer die Bybel sê dat Jesus opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God dui dit nie daarop dat Jesus nou slegs op een plek is nie. Nee, dit dui op 'n posisie, Jesus regeer nou oor die hele wêreld!
Wat Hy doen is om Koning te wees. Jesus se hemelvaart is nie die einde van Jesus se betrokkenheid op aarde nie, nee dit is die begin van iets nuuts! Hemelvaart gaan daaroor, dat daar 'n nuwe era, 'n nuwe fase aangebreek het in die mens se verhouding met God. Jesus is daarom nie net op een plek nie, Hy sit nie net op 'n troon nie, nee Hy regeer en Hy is oral waar ons beweeg! Hy is by ons!
Partymaal as dit swaar gaan met ons, voel dit vir ons of God van ons vergeet het, of nie by ons is nie, maar die Bybel belowe dat Hy elke minuut van die dag by ons is en daaraan kan ons vashou.

Geloof is meer as 'n gevoel, dit is ook 'n diep wete! Dalk sien jy nie vir God nie, maar hy weet van jou en sien jou! Hier is 'n mooi storie wat dit verduidelik!
Daar was 'n gesin wat in 'n pragtige dubbelverdieping huis gewoon het, een nag word die pappa wakker en besef die huis is aan die brand, hy maak die mamma wakker en kry sy vrou, seuntjie en dogtertjie so gou moontlik uit die huis uit. Hul 7 jaerige seuntjie hardloop toe terug in die huis, op met die trappe om sy karretjie te gaan haal, maar toe hy weer wou buite toe hardloop het die vlamme reeds die trappe bereik en was hy vasgekeer. Hy hardloop toe na die venster en roep benoud na sy pa, sy pa het onder die venster van die dubbelverdieping huis gaan staan en vir sy seun gesê spring ek sal jou vang! Maar die seun het geskree "Pappa ek kan jou nie sien nie, ek kan jou nie sien nie, dit is net rook en vlamme!" Die pappa het rustig geantwoord ***"Maar ek kan jou sien!"***

Soms sien ons God nie, maar Hy is daar en Hy sien ons!
Ons sien God se hand in ons lewe, wanneer ons kos op die tafel het om te eet, wanneer mamma en pappa lief is vir jou, wanneer ons kan skool toe gaan. Selfs as dit swaar gaan is Hy daar, want Hy belowe dit vir ons! Moet Hom nie mis kyk nie, Hy is elk dag en nag by jou!"

NUUSKRUMMELS: 23 Mei 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

LIFE LINE YOUTH

Die hele gemeente kan deel wees van dié UITREIK projek♫
Skryf ook sommer nou al in jou dagboek die datum van ons volgende MAG oggend en koop solank kaartjies, want jy wil nie uitmis nie♫

"Sinethemba ter wille van die kinders" is die leuse wat ons gebruik vir ons werksbesoek aan Sinethemba die week van 22 - 30 Junie 2019.

Tydens die besoek aan Decoligny en Sinethemba, die einde van April 2019, het die groep gevoel dat ons iets moet doen om die kinders van Sinethemba te help sover ons kan. Ons begroot ongeveer R70,000.00 wat benodig word vir die aankoop van gordyne, duvet oortreksels en duvets, kussings, matrasse, teerpale, hakies- en ogiesdraad vir die omheining, deurslotte, elektriese skakelaars en loodgieters benodigdhede. Daar moet ook herstelwerk aan die deure, kaste en beddens gedoen word.

Indien die Here u lei, wil u nie betrokke raak deur te help met die fondse om die artikels aan te koop nie? Enige bydraes kan inbetaal word in die volgende rekening:

NAAM:	VGK DECOLIGNY SALARISFONDS
BANK:	ABSA
TAK:	STRAND 334-218
NOMMER:	4060646513
VERWYSING:	Sinethemba 2019

Ons benodig 'n aantal mense wat bereid sal wees om saam te gaan om vir die week daar te gaan werk. Ons gaan met privaat voertuie ry ter wille van kostes. Die koste per persoon beloop R1,600.00 vir die week.
Stuur of wys asseblief hierdie epos aan mense wat dalk sou belangstel om te help of diegene wat wil saamgaan. Mense wat wil saamgaan, moet hul name, selnommers en epos vir my stuur sodat ek verdere inligting aan hulle kan deurgee.

Laat ons hierdie saak in gebed voor die Here bring.

Willem Botes
wgpbotes@gmail.com
083 658 2154 / 021 854 4620

NUUS UIT GEMEENSKAP

AGL Opera to hold a fundraiser for **Paarl Community Project Development**
The AGL Opera project, Symphony of Prayers, is a fundraising initiative which had its launch in 2018. It brings together classically trained musicians who wishes to make a positive difference in local communities. Singers and instrumentalists come together to present a live music concert of sacred classical repertoire. All the musicians perform free of charge to raise funds through ticket sales.
The money raised is then donated to local projects for community growth and development. Helderberg DRC, in conjunction with Classical Sounds, are privileged to host AGL Opera's Symphony of Prayers on Sunday, 2 June @ 16:00 in the church building. Tickets are available from Computicket at R100. The program includes well loved classics such as The Holy City, Halleluja from Handel, Panis Angelicus and many more.
Monies raised through this concert will go towards the Paarl Community Development Project which focuses on the Faure, Firgrove, Croydon, Raithby and Bright Valley Area communities, as well as four play schools in the Macassar area that are linked to the Child Development Program.
The project hopes to empower adults and children to develop their full potential and discover their creative purpose, whilst also being the driving force behind feeding schemes for children and much more. Please support this wonderful initiative and in so doing, let us stand together to make a positive difference in our local community.

For further queries, please contact Yolanda Botha at helderbergconcerts@gmail.com or AGL Opera on johannes@aglopera.com.

ACS YOUTH BUILDING: Who we are - what we do:
Our Youth Building Workshops aim to build up our youth and not break them down. Workshops are hosted to build confidence through AMBITION, COURAGE and SELF-RESPECT, which are the 3 fundamentals of ACS Youth Building. Interactive workshops are held in age- and gender-specific groups, incorporating testimonies, video clips, offering advice and reading material to take home.

We rely heavily on sponsors to cover the minimal costs involved in hosting these workshops. In return we enjoy spreading the word of our sponsors and their businesses and believe that this a win-win situation where exposure is enjoyed while doing good for our community. In the past we've received excellent feed-back from parents and youth delegates, which encourages us to keep doing what we love and believe it necessary especially under today's youth, where they must cope with a lot of pressure received on various platforms in their lives.

Please note that ACS Youth Building is being operated as a non-profit organisation, but not registered as one yet. Books are transparent and available to view on request.

PAASFEES VERANDER IN PINKSTER:

DIE SEISOENE

Alles het 'n ritme, vriend.

Die son, maan en sterre, die seisoene en getye, die diere en plante, ja selfs jou liggaam werk in ritmes: hartklop, asemhaling, sirkadiese ritmes, metabolismes. Ook die lewe loop in die ritmes van seisoene, en ja ook die geestelike lewe. Daar is 'n daaglikse ritme (bv. stiltyd, Padlangs lees!); daar is 'n weeklikse ritme, bv. om 'n Sabbat in my week te hê, Sondag kerk toe te gaan; daar is maandelikse ritmes, bv. om maandeliks 'n goeie geestelike boek te lees, of 'n paar dae te vas; daar is ook jaarlikse geestelike ritmes.

Die "kerklike jaar" of "Christelike jaar" is jaarlikse ritme wat jou elke jaar weer deur die wonder neem van Jesus se koms. Dit begin by die verwagting dat God na ons sal kom (Advent); dit vier sy koms en verskyning (Kersfees en Epifanie); dit gaan oor sy lewe tot met sy lyding en dood (Paasfees) - daarna herdenk ons sy hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees (Pinkster). Daarna, in die tweede helfte van die jaar (Koninkrykstyd) deel ons oor die werk van die kerk, en die praktiese toepassing van alles wat Jesus geleer. Ons geestelike lewe, die Koninkryk van God, ons roeping en raak - sulke dinge. En dan begin alles weer van voor af. Mooi, nie waar nie? Dis ons feeste, ons "celebrations" van God en sy werk in ons lewe. Sommige voel dis "vorme", en ja, natuurlik is dit vorme! Maar ons het vorme nodig. Hoe dan anders? Dit gee struktuur aan die inhoud. Onthou, ritmes lê waardes vas, en dwing ons om nie net te fokus op ons geliefkoosde tematjies nie. Herhaling lei tot gewoontes, gewoontes tot gebruike, en gebruike tot 'n lewenstyl. Natuurlik soek ons nie leë vorme nie, dooie rituele wat nie 'n verhouding met God bou nie. Nee, natuurlik nie. Ons wil dat hierdie ritmes ons JUIS nader na God toe bring. Ek vertrou dat jou verhouding met God hierdeur gebou sal word! Lees meer oor die volgende seisoen in ons lewe ...

PINKSTERTYD

Die Christelike Jaar is 'n jaarlikse pelgrimsreis deur die lewe van Jesus en die hoofmomente van ons geloof. Na Paastyd kom die Pinkstertyd.

WANNEER IS DIT PINKSTERTYD?

Pinksterfees is die afsluiting van die Paastyd. Dit is die 50ste dag (pentekostos = Grieks vir "50ste") na Paasfees, en dui op die 40 dae waarin Jesus aan sy dissipels verskyn het tot met sy Hemelvaart, en die 10 dae waarin hulle in die bovertrek gebid het op die uitstorting van die Heilige Gees. Pinkstertyd beslaan die tien dae vanaf hemelvaart tot Pinkstersondag (vanjaar 29 Mei – 8 Junie). Dit oorvleuel dus met die laaste gedeelte van Paastyd. Die fokus hier is natuurlik op die Heilige Gees wat uitgestort is op Pinksterdag om sy kerk toe te rus om die evangelie na die uithoeke van die aarde uit te dra. Pinksterfees is dus ook sendingfees.
In die NG Kerk het 'n unieke tradisie ontstaan rondom Pinkster, nl die tien-dae lange of week-lange Pinksterbidure. Hierdie tradisie het sy oorsprong in 1860 gehad, toe 'n kragtige herlewing in die kerk uitgebreek het. Hierdie herlewing was sterk sendinggerig. Mense het in hierdie tyd gereeld bymekaargekom in gebed in afwagting op en as voorbereiding op Pinkstersondag.

In 'n sekere sin kan ons sê dat Pinkstersondag die geboorte van die kerk was. Voor die uitstorting van die Gees was die dissipels 'n groepie bang, verwarde en verbouereerde mense gewees. Ná Pinkster het hulle die evangelie vreesloos verkondig! Met Pinkster het God sy kerk deur sy Gees tot stand gebring as 'n instrument om die goeie nuus uit dra.

WAT BETEKEN PINKSTERTYD VIR ONS?
Pinkster herdenk die uitstorting van die Heilige Gees. Jesus, in Sy opstandingskrag, bekragtig sy dissipels met die Heilige Gees. Die Kerk, en elke Christen, word met krag toegerus deur die werk van die Heilige Gees. Daarsonder kan ons nie kerk, of Christen, wees nie. Pinkster skakel dus ook met ons taak in die wêreld.

HOE VIER ONS PINKSTERTYD?
Pinkster word gevier deur te verwys na die temas van die Heilige Gees, Geesvervulling, die geestelike lewe, gawes en bediening, uitreik en sending. Pinkstersondag self behoort 'n dag vol musiek, sang, kleur, blomme, en vreugde te wees. Die simbole van Pinkstertyd is vuur, of vuurtonge, die duif en ander simbole van die Heilige Gees soos water, wind en olie. Salwing is 'n gepaste gebruik in hierdie tyd. Die kleur van die Pinkstertyd is vuurrooi.

~Jimi le Roux ~
Bron: http://jimileroux.com/forum/topics/die-seisoene

KNIEWERK

- Paul Louw (kankerbehandeling)
- Pete Strydom herstel na hospitalisasie (beroerte)
- Charlene van der Watt se ouma is in ernstige toestand in hospitaal

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 26 MEI SE BOODSKAP: HAND 16:9-15 (SESDE WEEK IN PAASTYD – HEMELVAART FEESDIENS)

"Hoe luister jy wanneer God praat?"
Let op hoe Paulus toelaat dat die God hom lei:
Vs. 6: Die Heilige Gees het hulle verhinder ...
Vs. 7: Die Heilige Gees het hulle verhinder om na Bitinië te gaan.
Vs. 9: Paulus kry 'n gesig van 'n man van Macedonië.
Vs. 10 God lei hulle om na Macedonië te gaan

Paulus en sy medewerkers was bereid om "oor grense" te gaan om die Evangelie te verkondig – omdat God so gesê het en hulle gehoorsaam was om sy leiding te volg. God vra sy volgelinge om deur hul optrede, omdat hulle geluister het, te sê: "God ek verstaan nie wat U doen en hoekom U dit doen, of waar hierdie opdrag my lei nie, maar omdat die opdrag van U af kom, sal ek dit doen!"

Wanneer jy oor grense (geografies, volk, taal, kultuur, geslag, geloof) gaan met die Evangelie, is jou lewe in God se hande, Hy wat jou stuur. Hierdie waarheid staan onwrikbaar vas – dis 'n belofte van God en God breek nooit Sy belofte nie! Wanneer jy oor grense beweeg met die Evangelie, raak die mense aan die ander kant van die grens deel van God se gemeente.
"Die kerk is die feesterrein waar mense wat andersins nooit by mekaar sal uitkom nie, verenig word."

When God calls you to something,
He is not always calling you to succeed,
He's calling you to obey!
The success of the calling is up to Him;
the obedience is up to you.
(David Wilkerson)

~Willem Botes~

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE